# KouPos 4.2025

UITGAWE 133



“O Christus, ons verlange,U het ons heil gebring. Sal ooit ons jubelsange u lof na waarde sing? Vervul in welbehae ons harte met u Gees; skenk ons in hiedie dae ‘n ware Christusfees.”

~ LIED 354:1, Liedboek van die Kerk

# Geloofsbelydenis van Nicéa

*(ook genoem die "Niceno-Constantinopolitanum")*

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, en van alle sienlike en onsienlike dinge;

en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye; (God uit God) Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader;

deur wie alle dinge ontstaan het;

wat ter wille van ons, die mense, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is;

en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;

wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader;

wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;

en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete.

Ons glo aan een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.

Ons bely een doop tot vergifnis van sondes;

ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu.

Amen.

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| Geloofsbelydenis van Nicéa | **p.** | **2** |
| Uit ons pastorie: Ds Danie Pretorius | **p.** | **4** |
| Esterina Pretorius | **p.** | **6** |
| Plaaslessenaar | **p.** | **8** |
| Lief & Leed | **p.** | **9** |
| September 1980 | **p.** | **10** |
| Hoe die vrug van ‘n ware bekering lyk | **p.** | **13** |
| Woordkuns & meer: Reën, Musiek | **p.** | **16** |
| Fyn balans | **p.** | **19** |
| Koffie in die kerk | **p.** | **20** |
| Inkleurprent | **p.** | **22** |
| Koninkryk van God | **p.** | **23** |
| Nuusbrokkies | **p.** | **25** |
| Kersfees - inkleurprent | **p.** | **27** |
| Kerssangdiens | **p.** | **28** |
| Vakansie-almanak | **p.** | **31** |
| Kontakbesonderhede | **p.** | **32** |


“TOE Sê DIE ENGEL VIR HULLE: “MOENIE BANG WEES NIE, WANT KYK, EK BRING VIR JULLE ‘N GOEIE TYDING VAN GROOT BLYDSKAP WAT VIR DIE HELE VOLK BESTEM IS. VANDAG IS DAAR VIR JULLE IN DIE STAD VAN DAWID DIE VERLOSSER GEBORE, CHRISTUS DIE HERE! EN DIT IS VIR JULLE DIE TEKEN; JULLE SAL ‘n KINDJIE VIND WAT IN DOEKE TOEGEDRAAI IS EN IN ‘n KRIP Lê.” ~ Lukas 2:10-12 (AFR83)

## UIT ONS PASTORIE

"Wie is die mense wat vir jou die meeste beïnvloed het? Dink aan (hoop ek!) predikante, onderwysers, ouers en ander familie, vriende? Wat van:

1. Die Mens, Jesus Christus: Hy gee aan ons identiteit – ons is Christene. Hý bepaal ons idee van tyd, vóór Christus en ná Christus. Selfs nie-Christene gebruik dié indeling en vier Kersfees. Hy is bepalend vir ons ewigheidsbestemming, waarlik God en waarlik mens.
2. Paulus: Hy slaan die bres tussen die Jode en Christene. Hy interpreteer God se menswording in Christus. Hy leer ons om as Christene te lewe. Hy skryf die grootste deel van die Nuwe Testament.
3. Aurelius Augustinus: Hy bou die teologiese brug tussen die "ou" wêreld en die "nuwe" wêreld.
4. Die Hervormers: Johannes Hus, Luther, Calvyn, Zwingli. Hulle bring die Bybel en geloof in Jesus alleen terug in die kerk. Geen verdienste nie, nét genade!
5. Ook al die groot nadenkers oor God en sy Woord. Een van die grotes (na my mening!) is Karl Barth.
   Sý Kersfeesgebed klink só:

"Here, ons God, ons word soms bang, maar gee dat ons nie sal wanhoop nie.
As ons teleurgestel word, moenie dat ons bitter raak nie.
As ons val, moenie dat ons bly lê nie.
As niks meer sin maak nie, moenie dat ons vergaan nie.
Nee, laat ons juis dán die troue liefde ervaar wat U beloof het vir gebrokenes:
hulle wat verslae voor u aangesig kom staan.
U Seun het gekom vir almal wat só deur die wêreld oorweldig word.
Ja, juis omdat die lewe ons almal so oorrompel, en so weerloos laat,
is Hy in 'n stal gebore en het Hy aan die kruis gesterf.
Here, ons dink aan die duisternis en lyding van ons tyd,

aan die laste wat so baie mense moet dra sonder dat iemand hulle troos.
Ons dink aan hulle wat siek is na liggaam of gees,
aan die armes, die ontworteldes, die onderdruktes, die veronregtes,
aan kinders wat geen ouers het nie of wie se ouers nie regtig vir hulle omgee nie.
Ons bid ook vir almal wat geroep is om ander te help,
regters en owerhede, onderwysers en jeugleiers,
mense wat boeke en koerante skryf en daarmee menings vorm,
dokters en verpleegsters in hospitale, hulle wat u Woord in gemeentes verkondig, hier naby en daar ver.
Ons dink aan hulle almal met dié bede dat die lig van Kersfees vanjaar helder vir hulle sal skyn én vir ons.
Helderder as ooit te vore, sodat hulle en ons daardeur gehelp kan word.
Ons vra dit alles op grond van die verdienste van ons Verlosser in Wie se Naam U ons reeds gehoor het en ons weer en weer wil hoor.
Amen."

6. En dan die praktyk van Kersfees, Paasfees en Pinkster:
   "Here, ek het honger – gee my iemand om te voed.
   Here, ek is dors – gee my water om ander mee te laaf.
   Here, ek is hartseer – wys my wie se droefheid ek kan verlig.
   Here, ek is belas – lê my naaste se laste op my hart.
   Here, ek het 'n behoefte aan teerheid – laat my liefde gee aan iemand wat ook na liefde smag.
   Laat u wil my brood wees, u genade my krag, u liefde my rusplek."
   (tradisionele Franse gebed)

Mag die Kerstyd en 2026 'n geseënde tyd wees ter ere van Hom wat ons in Merweville kom neersit het.
Amen."

**Danie**

"Ek en my oudste seun kan soms oor interessante, selfs kontroversiële onderwerpe gesels. Onlangs het hy my bekend gestel aan Elon Musk se navorsing waar elektrodes in die brein ingeplant word, tans om mense met sekere mediese beperkings te help om deur hulle gedagtes toegang tot rekenaars en selfone te gee. (nog 'n kunsmatige intelligensie toepassing). Dit is wel nog in sy kinderskoene, maar hy is baie opgewonde daaroor.

Dit het my egter laat dink aan ons as Christene, kinders van God, lede van Sy Koninkryk! Jy het, die dag toe jy jou lewe vir Christus gegee het en Hom gevra het om in jou lewe te kom, Sy Gees ontvang wat nou deur jou lewe en jou help om Sy opdrag uit te leef. Eintlik leef Hý dit uit, jy moet net beskikbaar wees (Gal 2:20). Ek dink ons besef nie altyd wat dit impliseer nie. Dieselfde Krag wat Christus uit die dood opgewek het, leef in jou (Ef 1:19-20; Rom 8:11)! Daarom is jy tot alles instaat (Fil 4:13) en sal Hy jou krag gee om die goeie te kan doen. Jy is daarvoor bestem! (Ef 2:10)

Ons nader nou die Kerstyd, die tyd toe God besluit het om self aarde toe te kom sodat jy dit waarvoor Hy jou geskape het, naamlik om Sy beeld uit te dra, te kan doen. Hy het jou immers na Sy beeld geskape (Gen 1:27; Ef 4:27). En omdat Hy gesien het dat ons mense nie weet hoe Sy beeld lyk nie, het Hy aarde toe gekom om ons te wys hoe Hy lyk! Meer nog: Hy het selfs besluit om ons te help om daardie beeld uit te leef deur in ons te kom bly - soos elektrodes wat ingeplant is - sodat ons deur ons gedagtes en ons lewe 'n impak op alles rondom ons te kan hê.

Mag elkeen van ons hierdie Kerstyd diep bewus wees van Christus in ons.

Wees geseënd!

Esterina Pretorius

**Gal 2:20** - en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.

**Ef 1:19-20** - en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het:

**Rom 8:11** - Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

**Fil 4:13** - Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.

**Ef 2:10** - Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

**Gen 1:27** - God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

**Ef 4:27**- lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.



## PLAASLESSENAAR



Dis weer daardie tyd van die jaar wanneer almal stokflou voel na die geskarrel en onvoorspelbaarhede van hul daaglikse lewens en uitsien na ‘n blaaskans van normale verpligtinge, minder wekkers vir opstaantyd en lekker gesels met familie en vriende. Hier is dit nie anders nie, maar die ritme van plaaswerk en die natuur steur hul nie aan die menslike behoefte aan vakansie nie. Soms is dit juis hierdie tyd van die jaar wat ekstra beplanning en arbeid verg om die spreekwoordelike wiele aan die rol te hou. Tog, heers daar ‘n byna tasbare gevoel van vrede en verdraagsaamheid. Die atmosfeer is anders en ek verbeel my selfs die natuurgeluide klink skerper, mooier dié tyd van die jaar.

Na aan die huis is ‘n paar groot, hoë bome. Dit is al jare lank die slaapplek van tarentale en deel van laatmiddag -vroegaand se mooi is om die eentonige geroep van die tarentale te hoor en te sien hoe hul vir oulaas skarrel voor hul hul nag se rusplek inneem. My gedagtes maak Bosvelddraaie op my grootwordplaas, Trompettersfontein, en ek onthou hoe my pa en ma lank kon stil sit en die veld se mooi met hul oë en ore indrink… Ek verlang.

In die verte is daar wolke en mens sien die smeekgebed van elke boer se hart in hul oë – “Asseblief Here, wees ons genadig en skenk ons reën”. En wanneer daai beklemmende gevoel van angs dreig om hul te oorweldig, hou hul vas aan beloftes uit Sy Woord. “**MAAR DIT SAL EK TER HARTE NEEM EN OM DIé REDE BLY EK HOOP: DEUR DIE LIEFDE VAN DIE HERE HET ONS NIE VERGAAN NIE; DAAR IS GEEN EINDE AAN SY ONTFERMING NIE, DIT IS ELKE MORE NUUT. U TROU IS GROOT**” ~ Klaagliedere 3:22-23 (Afr83) Die fokus verander en ons sing opnuut uit volle bors die kerslied se pragtige woorde: “Welkom o stille nag van vrede, onder die suiderkruis….” (Lied 358).

Mag ons deurentyd bewus bly van Sy Alomteenwoordigheid en troue liefde, ook wanneer omstandighede nie rooskleurig lyk nie.

Vriendelike groete & seënwense, Christel

## LIEF & LEED

❤ Baie geluk aan Herman & Chrissie Heyns wat op 20 September 2025 die Oupa en Ouma geword het van hul eerste kleindogter daar ver in die noorde (Polokwane) van ons land. Ons weet sommer Ouma Chrissie speel tans lekker pop...

† Innige meegevoel aan Anton & Ilze Koorts, van die plaas Rondom, asook aan Gys van der Westhuizen en al die ander familie en vriende met Ronel se afsterwe op 6 Oktober 2025.

† Innige simpatie aan Tertius & Zelna Bruwer en hul hele familie met die afsterwe van Tertius se ma, Martie, op 10 November 2025.

❤ Baie geluk aan Kobus & Lenor Snyman met hul enigste dogter, Francis (Frannie) & Noah (oudste seun in sy familie) se huweliksbevestiging op 11 Oktober 2025, in die Vineyard Hotel se tuin, in Nuweland. Hul ken mekaar al 6 jaar en is beide lief vir die karoo, die buitelewe, stap, fietsry en kuns.

Ons mooiste wense vir jul huwelikspad !





"Die pad is onbekend, maar saam met jou sal ek dit dans". ~ onbekend

**September 1980**

Onlangs het tannie Alta Marais, tans die oudste lidmaat van ons gemeente,'n stukkie geskiedenis vir Tinka, die Skriba, gebring. Dit dateer uit 'n tydperk in Merweville voor Evkom, die teerpad, selfone en natuurlik die internet wat ons almal deesdae as vanselfsprekend aanvaar. Kom stap saam terug…




"Merweville Spieëltjie" was 'n inligtingsblad vir die dorp met unieke handgeskrewe advertensies.

Foto links: voorblad van die Merweville Spieëltjie van September 1980

++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++

## MUNISIPALITEIT VAN MERWEVILLE

### Kennisgewing

Kennis geskied hiermee, kragtens Artikel 187 van Ordonnansie 20 van 1974, dat die Raad by Spesiale Besluit besluit het dat Begraafplaastariewe vanaf datum van publikasie as volg sal wees:

| | |
|---|---|
| Enkel plot | R2,00 |
| Dubbel plot | R4,00 |

Uitgeboude grafte:

| | |
|---|---|
| Enkelgraf | R65 |
| Dubbelgraf | R120 |

Tariewe soos afgekondig op 22 Maart 1978 word hierby herroep.

Munisipale Kantoor
Merweville
15 Augustus 1980

J.J.H. Victor
Stadsklerk

++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++

### Munisipaliteit van Merweville

Tydens die Munisipale verkiesing gehou op 3 September 1980 is die volgende lede herkies:

Mnre. F.J. Botes
J.C.H. Muller (Snr.)
A.J.J. Botes (Skommelmaaikraal)

Die ander lede van die Raad is:

Mnre. A.J. Wahl (Burgemeester)
F.S. Mocke (Onderburgemeester)
J.C.H. Muller (Jnr.)

++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++

## VICTOR SE GARAGE

'n Motorhawe in u eie kontrei. vir –

Algemene herstelwerk

Ondardele

Smering.

Agente vir:– "U noem die naam, en ons beste dit!"

Voortrekkerstraat – Merweville. – Tel. Nr. 6.

++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++

Spesiale kennisgewing en uitnodiging aan ál die dames van Merweville en distrik.

Kom ontspan saam met ons terwyl ons u leer hoe om 'n vuurwapen te hanteer, en meer nog, hoe om 'n vuurwapen te gebruik!

Vir my persoonlik was 'n vuurwapen 'n verskrikking, maar danksy die Vroue - Skietklub van Merweville bejeën ek 'n wapen nie meer met vrees nie, maar hanteer ek dit met gemak en vertroue.
Verstaan my nie verkeerd nie; ek het nog altyd respek vir 'n vuurwapen, maar baie beslis nie vrees nie.

Ons skietdatums vir die res van die jaar is as volg:

| | |
|---|---|
| 4 Oktober | .22 geweer |
| 18 Oktober | .22 geweer |
| 25 Oktober | Pistool |
| 8 November | Pistool |

Ons begin om 9.00vm. Kom skiet gerus saam met ons vir die res van die jaar en besluit dan of u wil aansluit as lid, al dan nie.

Ledegeld is R4,00 per jaar. Nie-lede betaal 50c baanfooie. Verder betaal ons 20c vir die rondtes van 6 patrone elk met elke skietdag.

Kan u uself verdedig met 'n vuurwapen? Ons mans sal nie altyd daar wees om dit vir ons te doen nie !

Dus, kom skiet gerus !

Vir verdere besonderhede tree in verbinding met Mevrou Frieda Victor.

++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++

Ons Boodskap Aan
MERWEVILLE
Bly Steeds
Ondersteun u eie dorp.
Spandeer u geld in Merweville.
Spandeer dit by
Johan Wahl (Eiendoms) Bpk.
Hugenootstraat Tel. Nr. 2

Vir heerlike Karoovleis
besoek
Merweville Slaghuis
„Met die beste is ons buse!
Voortrekkerstraat Tel. 30

..en DV vertel ons volgende keer bietjie meer.

## HOE DIE VRUG VAN ‘n WARE BEKERING LYK

~ Ds. Schalk Buys (Kruispad; Oktober 2025)

“Johannes die Doper het in die woestyn van Judea opgetree as die boodskapper wat die weg vir Christus voorberei. Sy oproep aan die mense is eenvoudig: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom,” (Matt 3:2)

Johannes het mense gedoop as ‘n teken van reiniging en nuwe begin – dit was ‘n bekeringsdoop. ‘n Doop wat gewys het dat een bekeer het van hul sondes. Hierdie doop moes egter nie stop by die doop self nie: **“Dra dan vrugte wat by bekering pas.”** (Matt 3:8)

In hierdie vers sien ons die verwagting dat die doop gepaard moes gaan met ‘n drastiese verandering in die gedoopte se lewe. Dit het dus gegaan oor die persoon se hart. ‘n Veranderde hart wat sigbaar word in een se vrug wat hulle lewer.

Hierdie het die leefwyse van die Fariseërs en Sadduseërs baie direk aangespreek. Hulle het aan die mense baie godsdienstig vertoon maar dit was nie werklik iets wat vanuit hul hart gekom het nie. Die oorsprong van hul vrug was dus verkeerd en daarom het hulle misvormde vrugte gebaar.

Johannes roep hierdeur die mense, veral die Fariseërs en Sadduseërs, tot bekering. Die Griekse woord vir bekering is ***metanoia***, wat letterlik beteken “om van gedagte te verander.” Dit dra nie net die betekenis van spyt wees of om skuldig te voel nie. Dit wys op ‘n totale omdraai van ons denke, ons harte, ons lewens.

Wanneer ‘n persoon bekeer, draai hulle weg van die sonde en draai na God toe. Bekering is daarom ‘n innerlike, persoonlike verandering wat nie anders kan as om sigbaar te word in ons uiterlike lewe nie.

Ons geloof en so ook ons bekering word sigbaar in ons dade – ons vrug. Dit word deur die Heilige Gees in ons bewerk. Ons vrug word gebaar en daarvolgens kan ons die nodige onderskeiding tref. Soos ‘n boom se

gesondheid aan sy vrugte gesien word, so word ware bekering sigbaar aan die dade, gesindheid en lewensstyl van die gelowige.

Die konsep van "Dra die vrug wat by die bekering pas"is nie net 'n innerlike bekering en ervaring nie. Dit behoort van nature uit te loop op sigbare tekens van een se bekering. Hierdie bekering lewer sigbare vrug. Hierdie vrug sluit dan in: **Liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing**.

Die enigste manier hoe ons dan die vrug lewer is deur die werking van die Gees in ons. Dit is tog **die vrug van die Gees** waarvan ons in Galasiërs lees.

Daarom, omdat bekering slegs moontlik is deur die werking van die Gees, is om vrug te dra slegs moontlik deur die werking van die Gees. Die Heilige Gees roep ons daarom tot gehoorsaamheid aan God se wil en wette. Hy roep ons tot vrygewigheid, tot regverdigheid en tot medelye om net 'n paar te noem.

Die Fariseërs en Sadduseërs het geglo dat hulle veiligheid by God gewaarborg is bloot omdat hul afstam van Abraham. Johannes ontmasker egter hierdie selfversekerde denke: God kan selfs uit klippe vir Abraham kinders verwek. M.a.w. jou herkoms of uiterlike merkers is nie 'n waarborg van geloof nie – net omdat jou oupa en pa 'n gelowige was verseker nie dat jy 'n ware gelowige is nie. Geloof, en daarmee saam die vrug van ons bekering, gaan oor innerlike bekering en die uiterlike produk daarvan wat dan die vrug is.

Dieselfde gevaar bestaan vandag. 'n Mens kan grootword in die kerk, gedoop wees in die kerk, trou in die kerk, elke Sondag erediens bywoon in die kerk, familie hê in die kerk – en tog sonder ware bekering of geloof wees. Die uiterlike tekens mag aanwesig wees, maar as die hart nie deur die Gees vernuwe is nie, is dit 'n **skynbekering**. So iemand vertrou op hul werke eerder as op Christus self.

Jesus Christus self waarsku dat ware geloof aan sy vrugte geken word: “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken…”(Matt 7:16-20). ‘n Lewe wat nie die vrug van bekering dra nie, is soos ‘n boom wat blare het maar geen vrug nie – nutteloos vir die boer, bestem om afgekap en in die vuur gegooi te word (Matt 3:10). Dit beeld die erns van oordeel uit: uiterlike godsdiens sonder innerlike vernuwing lei tot verwerping.

**Matteus 3:8** roep ons op om eerlik te vra: *Is my geloof net leë woorde en tradisie, of is dit ‘n lewende toewyding en verhouding met die Here?* Christus self het gesê: “’n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie, en ‘n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie.” (Mat 7:18)

Ware bekering bring altyd sigbare verandering mee. Om die vrug van bekering te dra, beteken om elke dag te leef as iemand wat deur God se genade nuutgemaak is – iemand wie se lewe wys dat Christus regeer.”



# Reën

ek sit hier op die stoep
onder die plat dak
van my huis in die Karoo
en ek luister
na die reën se crescendo
die ritme
van kom en gaan
en gaan en kom
soos die lewe
die klanke van genade
en ek dink
ek is ook vanaand iewers
tussen kom en gaan
en gaan en kom
Here
neem my tog op
in dié simfonie op sink
wat nes ewigheid klink
hier
onder die plat dak
van my huis in die Karoo

~ Johan Cilliers



"'n Inwoner van Merweville vra my nou die dag hoekom daardie klipman so met sy hande in sy (klip)hare sit?

Wel, daar is drie moontlikhede:

1. Hy is moedeloos oor die lewe.
2. Hy het maagpyn.
3. Hy druk sy ore toe vir die geraas van die blikkitaar.

*Die Merweliete moet maar self besluit....*

Die gedigte Reën en Musiek is twee gedigte wat nogal na aan my hart is – geskryf daar in Merweville." Prof. Johan Cilliers

Dit kom uit die bundel: Johan Cilliers: Tussentogte. Gebede en Gedigte (Kaapstad: Turksvy Publikasies, 2025), 54 – 55.

*Baie geluk met die publikasie en dankie vir die voorreg om van jou skryfwerk te mag deel, Johan.*

# Musiek

as mens goed luister
hoor jy musiek
oraloor
in die Karoo
die windpomp en wind
gee die ritme aan
die blou lug
laat die bastoon hoor
die vlaktes speel viool
die spruite sing sopraan
of alt
afhangende van hul watervlak
en die klippe se klank
in dié koor
klink soos tenoor
hoor jy?
die koppies klap hande
en die berge sê
bravo! bravo![1]

~ Johan Cilliers

Merweville se dames is besig om soepel en fiks te word o.l.v. Esterina Pretorius wat op Donderdag oggende deur eenvoudige oefeninge aan die fisiese balans van die skoner geslag werk *en natuurlik* is saamwees en gesels altyd 'n lekker prioriteit…. ♥





"'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees".

## “ Koffie in die kerk = Meer as net kafeïen

*deur*: 👤 Wilmi Wheeler (KAAPKERK)

Ons almal onthou ’n koppie koffie wat méér was as net koffie. Dalk was dit die beker wat jou ouma vir jou geskink het saam met ’n tuisgebakte beskuitjie. Of die een tydens ’n moeilike gesprek, waar jy gesit het met ’n vriend wat nie geweet het wat om te sê met woorde nie, maar met die gebaar van koffiemaak wel. Of die beker wat jy in die kerksaal vasgehou het terwyl jy skaam aan jou eerste Bybelstudie-groep voorgestel is. Elke koppie dra ’n storie. En in die kerk word daardie stories bymekaar geweef tot iets groter. ’n Herinnering dat ons nie alleen is nie, dat God selfs in die gewone gebare van gasvryheid en koffiekoppies teenwoordig is.

**Koffie en gemeentes: ’n Godgegewe kombinasie?** Ek is seker as Paulus ’n brief geskryf het vir ons in 2025, sou hy êrens gesê het: *“Groet mekaar met ’n handdruk... en bring asseblief die moerkoffie.”* Want die waarheid is, koffie het iets van ’n sakramentele kwaliteit in ons Suid-Afrikaanse kerkkultuur gekry. Nie in ‘n streng teologiese sin nie, maar in die manier waarop dit ’n geleentheid skep vir genade en gemeenskap. Na die diens, voor die Bybelstudie, tydens die kerkbasaar of sommer net in die kombuis van die kerksaal, koffie is die olie wat die ratte van gesprekke laat draai.

**Die wetenskap agter die hart van ’n koppie koffie** Wêreldwyd drink mense sowat 2 **miljard** koppies koffie per dag. Dis ’n verbysterende getal. In Suid-Afrika alleen word meer as 500 miljoen kilogram koffie per jaar ingevoer en verbruik. En studies wys hoekom: koffie verhoog jou dopamienvlakke (daardie “lekker-wees” chemikalieë in jou brein) en help jou konsentreer. (Dis seker hoekom daar so baie bekers koffie tydens ’n moderamenvergadering verorber word!) Maar dit gaan nie net oor kafeïen nie. Dit gaan oor die ritueel. Navorsing wys mense ervaar groter sosiale verbondenheid wanneer hulle warm drankies vashou. Letterlik: ’n warm beker in jou hand maak jou meer oop vir ander. Dis amper asof jou hart, soos jou hande, effens warmer word. Selfs Sheldon Cooper van *The Big Bang Theory* het geweet: as iemand

ontsteld is, bied jy vir hulle ’n warm drankie aan. Dis omdat daar iets diep-mensliks is aan die warmte wat ’n beker oordra. Hoe mooi is dit dat die kerk al eeue lank bekend is as ’n plek waar harte warmer word?

**’n Kort koffie-geskiedenis in die kerk en ‘n heilige uitnodiging** Koffie en godsdiens se paaie het lankal gekruis. Daar is selfs ’n legende dat toe koffie in die 16de eeu in Europa bekendgestel is, party Katolieke dit as “die duiwel se drank” beskou het. Totdat Pous Clemens VIII dit self geproe het en gesê het: *“Hierdie drankie is so heerlik dat dit ’n skande sou wees om dit net vir ongelowiges te los.”* En so is koffie by die Christelike wêreld se tafels ingebring. Internasionale Koffiedag (ja, dit bestaan regtig – 1 Oktober) herinner ons dat die eenvoudigste gebare die grootste impak kan hê. ’n Koppie koffie is nie net ’n drankie nie; dis ’n uitnodiging:


- **Kom sit.**
- **Kom deel.**
- **Kom wees.**

Dis ook wat NG Gemeente Parow-Panorama onlangs só mooi gesê het op hul Facebook-blad saam met hierdie foto van lidmate wat koffie drink: *“Koffie bring mense bymekaar – of dit nou rondom die kombuistafel is, saam met vriende, of voor ons Sondagdiens hier by die gemeente. Dis ’n herinnering dat die kleinste gebaar, soos ’n koppie koffie, groot warmte en gemeenskap kan bring. Net soos koffie tyd en warmte nodig het om sy volle geur te ontwikkel, so groei ons geloof en verhoudings wanneer ons dit koester met geduld en liefde. Kom geniet saam met ons die gemeenskap, die gesprekke en die ‘geur’ van saamwees.”*


En dalk is dit juis die punt. Net soos koffie deur water getrek word om sy volle geur te kry, word ons geloof en gemeenskap deur tyd, geduld en warmte gevorm. Ons het mekaar nodig om daardie geur na vore te bring. So, die volgende keer as jy ná ’n diens by die kerksaal instap en iemand vra: *“Swart of met melk?”*, onthou, jy staan nie net in ’n ry vir


kafeïen nie. Jy staan in 'n ry vir saamwees, vir die heilige geur van gemeenskap.

En miskien, net miskien, is die kerk se koffietafel een van die beste plekke om iets van die hemel op aarde te proe."



**INKLEURPRENT**







**Die Koninkryk van God en die Bruid van Christus**

“Onlangs het ons gesin 'n seminaar bygewoon - in Seweweekspoort - wat my diep geraak het, met fokus op die diepgaande temas van God se Koninkryk en die stralende roeping van die Bruid van Christus. JC het begin deur te bevestig dat die Koninkryk van God nie bloot 'n toekomstige hoop of 'n verre belofte is nie.

In plaas daarvan is dit 'n lewende werklikheid, teenwoordig binne ons vandag. Deur Jesus se woorde uit Lukas 17:21 aan te haal, "die koninkryk van God is binne julle," het hy verduidelik dat God se heerskappy begin in die harte van dié wat aan Hom oorgee. Die atmosfeer in die kamer het merkbaar stil geword, wat 'n gevoel geskep het dat die hemel self aandag gee aan die boodskap wat gedeel word.

Die aanbieding het toe die fokus verskuif na die Bruid van Christus - die Kerk. JC het beskryf hoe die Bruid liefdevol voorberei word vir haar Bruidegom, en verseker ons dat ons nie vergeet of oor die hoof gesien word nie, maar inderdaad gekies en gekoester word. Hy het Filippense 1:6 aangehaal, "Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, sal dit tot voltooiing voortdra," en verduidelik dat elke ervaring, of dit nou 'n beproewing of 'n triomf is, 'n rol speel in ons geestelike verfyning en voorbereiding.

Met 'n groeiende gevoel van afwagting het JC aangedring dat die verlange van ons harte die kreet in Openbaring 22:17 moet weerspieël: "Die Gees en die Bruid sê: 'Kom!'" Hy het ons daaraan herinner dat ons, soos ons deur die lewe reis, in geregtigheid geklee is, geanker deur hoop, en verlig deur God se blywende belofte, soos verklaar in Jesaja 60:19: "Die Here sal julle ewige lig wees."

Toe die seminaar tot 'n einde kom, het elkeen met 'n hernude gevoel van bewustheid en doel vertrek. Elkeen het besef dat ons, as deel van die Bruid van Christus, voorberei word vir heerlikheid en geroep word om die lig van Sy Koninkryk in elke aspek van ons lewe te weerspieël.

JC en Tinus is van Siloam Gemeente in Carletonville."

~ *CARLA MARAIS*.

"He who has a why to live for can bear almost any how." ~ FRIEDRICH NIETZSCHE

"The function of prayer is not to influence God, but rather to change the nature of the one who prays." ~ SOREN KIERKEGAARD

## Vir die BOEKWURMS

- Donker spoor – Martin Steyn (LAPA)
- Swyg – Erla Diedericks (LAPA)
- Kroonwild – Henk Breytenbach (LAPA)
- Te poenankies vir woorde – saamgestel deur Wendy Maartens (LAPA)
- Ierse onthou (Romanza)
- Die boekengel (LUCA)
- Innie skylte vannie Jirre – Hans du Plessis (LUCA)
- Die Bybelse vas – Ilse Roux (LUCA)
- Fênsie Muis – Nita Gerber Heyns (082 463 8022)
- As klippe kon praat – Connie Luyt (Amazon.co.za)

## NUUSBROKKIES

Op Saterdag, 15 November 2025 het Merweville Landbouvereniging hul jaarlikse afsluitingsfunksie gehou. Frans Malherbe, Springbok rugbyspeler en natuurlik 'n absolute gunsteling van alle WP & Stormer ondersteuners, was die gasspreker en 'n puik ambassadeur vir ons land se nasionale sport: Rugby. "Wat 'n aangename man", het jy uit meer as een mond gehoor. Tydens hierdie vergadering is daar o.m. erelidmaatskap toegeken aan Kobus Theron en Arend de Waal en van wie beter as om so 'n spesiale erkennings-handdruk te ontvang as die einste Frans Malherbe.









,

Foto: vlnr. Kobus Teron Frans Malherbe en Arend de Waal

**Baie geluk** aan Attie Bothma wat op die 1ste Oktober 2025 tydens 'n spesiale geleentheid in Oudtshoorn, die wenprys vir sy uie (Klas F-1, Geel uie) ontvang het, terwyl hul skoonseun (Guillay Louw) die naaswenner was. Welgedaan aan die twee uieboere!








<u>Foto:</u> Attie Bothma – wenner van Klein Karoo se F-1 Geel Uie links, saam met sy skoonseun, Guillau Louw, wat die naaswenner was.

"Believe in yourself, take on your challenges, dig deep within yourself to conquer fears. NEVER let anyone bring you down. You got to keep going."
~ CHANTAL SUTHERLAND



## KERSSANGDIENS

Op Sondag, 30 November 2025 was die NGK, Merweville se jaarlikse Kerssangdiens. Ds. Danie Pretorius het die sangdiens gelei en Helena Theron was die orreliste. Zena van Schalkwyk het die versiering voor in die kerk behartig en Mary-Ann van Heerden het die treffende kersversiering in die kerksaal gedoen: baie dankie. Die spesiale offer was vir die Kerkbode se Kersfonds. Baie dankie aan elke lidmaat en besoeker wat deel gevorm het van ons sangdiens vol lof en spesiale klanke tot eer van ons Hemelse Vader.





Op die foto, bo, sing Samson en Zena die loflied: “Masithi Amen”.




Links: Gina Mans het die treffende gedig van Elizabeth Eybers, Maria, voorgelees.



Maria van Zyl en Lodewyk Esterhuizen (foto,regs) het ‘n die lied, “**Mary, did you know**?” roerend vertolk o.l.v. Marian Esterhuizen op die Clavinova en Thea van Zyl, op trom





Aan die einde van die erediens het Marian vir Maria begelei en sy het die kerkgebou gevul met haar suiwer stem en die woorde van die welbekende “Jerusalem”.

♫



<u>Regs</u>: Thinus le Roux en sy pragtige vriendin, Petro. Thinus is ons gemeente se klankman en ‘n kuier van Petro is altyd rede vir ‘n ekstra groot glimlag.  Ons voel bevoorreg met Thinus as getroue klankman in ons geledere: dankie, Thinus.

“Friendship is born at that moment when one person says to another, “What! You too? I thought I was the only one.”” ~ C.S. Lewis

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Fokus op dit wat mooi, goed en reg is. | Slaap genoeg en drink baie water. | Bel 'n vriend / vriendin met wie jy lanklaas kontak gemaak het. |
| Haal diep asem en tel tot vyftig…Bid daaroor. | Bak 'n koek/brood en geniet dit met spesiale mense. |  | Noem vyf dinge waarvoor jy werklik dankbaar is. |
|  | Gun jou wekker 'n ruskans. | Lag elke dag !!!  | Moenie vergeet om Bybel te lees nie. |
| Maak koffie of tee vir almal in jou huis. | Luister sonder om te kritiseer of raad te gee. | Wys jou omgee vir mense buite jou vriendekring. |  |
| Geniet die somer se vrugte lekkertes! |  | Wees dankbaar vir dit wat jy wél het! | Sing kliphard ! ♫ |
| Waardeer die natuurskoon. | Stap gereeld en dans op spesiale liedjies. | Wees lief vir jouself en ander mense ! |  |

## **You say** ~ Lauren Daigle

"I keep fighting voices in my mind that say I'm not enough; Every single lie that tells me I will never measure up. Am I more that just the sum of every high and every low? Remind me once again just who I am because I need to know. Ooh-oh...

<u>Chorus</u>:

You say I am loved, when I can't feel a thing. You say I am strong, when I think I am weak. And You say I am held, when I am falling short, and when I don't belong, oh, You say I am Yours...And I believe, oh, I believe, what You say of me. I believe.

The only thing that matters now is everything You think of me. In You I find my worth, in You I find my identity...Ooh-oh...

<u>Chorus</u>

Taking all I have, and now I'm laying it at Your feet. You have every failure, God, You have every victory... Ooh-oh...



<u>Chorus</u>

.... I believe."

†

**KONTAKBESONDERHEDE: NGK, Merweville**

**Leraar:** Ds. Danie Pretorius (072 580 1866)

**Skriba:** Tinka Botes (072 087 1008)

**Koster & Orrelis:** Zena van Schalkwyk (083 317 2412)

**E-pos:** ngkerkmerweville@gmail.com